**AANHANGSEL A**

**Kennisgewing van Benoemingbekragtigingsvergadering en Verkiesing**

Verkiesing van Ouers van Leerders tot die Beheerliggaam

(Regulasies 18, 19, 21 en 22 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021)

NAAM VAN SKOOL: **LAERSKOOL JAN VAN RIEBEECK** EMIS-NOMMER: **0103309268**

Kennis geskied hiermee dat:

1. 'n ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormelde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormelde skool bywoon, 'n ander ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormelde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormelde skool bywoon, kan nomineer of die benoeming van enige ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormelde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormelde skool bywoon, kan sekondeer deur die benoeming teen nie later nie as 16 MAART 2021 (datum) by die skool te besorg.

2. verskeie benoemingbekragtigingsvergaderings, wat deur ouerkandidate bygewoon mag word, kan gehou word op:

   (a) 17 MAART 2021 (datum) by LS JAN VAN RIEBEECK (plek) 18:00 (tyd)

   (b) ______________ (datum) by ______________ (plek) ______________ (tyd)

   (c) ______________ (datum) by ______________ (plek) ______________ (tyd)

om die volgende sake af te handel:

(i) alle benoemings te oorweeg;

(ii) alle benoemings wat nie verkiesbaar is nie, te verwerp; en

(iii) 'n lys van ouerkandidate op te stel wat as genomineerdes verkiesbaar is.

3. Die kieserslys van ouers, wat gegrond is op die skool se toelatingsregister, sal by die skool ter insae lê vanaf 08 MAART 2021 (datum) 08 : 00 (tyd), en 'n ouer het die reg om tot 25 MAART 2021 (datum) 10 : 00 (tyd) 'n geskil by die skoolprinsipaal aanhangig te maak. Die prinsipaal sal alle geskille vóór die bekendmaking van die kieserslys teen 26 MAART 2021 (datum) oorweeg. Geen name sal na 26 MAART 2021 (datum) bygevoeg word nie.

4. Enige persoon kan 'n beswaar teen enige benoeming skriftelik by die skoolkiesbeampte MNR CHRIS STOREY (naam en van) aanteken teen 16:00 op 29 MAART 2021 (datum).

5. Verkiesings sal gehou word op 30 MAART 2021 (datum), by LS JAN VAN RIEBEECK (plek), en die stemlokale sal om 06:00 (tyd) open en om 18:00 (tyd) sluit en sal vir die volgende tydsgleuwe (in die geval van 'n handmatige verkiesing) oop wees:

Virtuele Verkiesing
d.m.v. VotingCrowd

Hierdie verkiesing sal gehou word as daar meer kandidate as die getal lede wat verkies moet word egter genomineer word.

6. Opvolgverkiesings kan gehou word op 30 MAART 2021 (datum), by LS JAN VAN RIEBEECK (plek), en die lokaal sal om 06:00 (tyd) open en om 18:00 (tyd) sluit en sal vir die volgende tydsgleuwe (in die geval van 'n handmatige verkiesing) oop wees:

Indien nodig, want e-voting geskied.

Hierdie opvolgverkiesing sal gehou word as daar meer kandidate as die getal lede wat verkies moet word egter genomineer word en 'n kworum nie ten tyde van die vorige vekiesing behaal is nie.

7. Tel van stembriewe, nadat 'n kworum behaal is, sal gehou word op 30 MAART 2021 (datum), by LS JAN VAN RIEBEECK (plek), kort nadat stemming by die verkiesing gesluit het en genomineerdes kan hierdie sessie bywoon.

8. Tel van stembriewe sal gehou word op 30 MAART 2021 (datum), by LS JAN VAN RIEBEECK (plek), kort nadat stemming by die opvolgverkiesing gesluit het en genomineerdes kan hierdie sessie bywoon.

9. U word hiermee daaraan herinner om—

(a) 'n vorm van identifikasie saam te bring om u toe te laat om te stem. Die vorm van identifikasie moet 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart of groen staafkode-identiteitsdokument of 'n tydelike identiteitsdokument uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake, of 'n permit in die geval van 'n buitelander uitgereik ingevolge die "Immigration Act, 2002" (Wet 13 van 2002) wees; en

(b) ag te slaan op die volgende faktore wanneer ouerkandidate genomineer en verkies word:

(i) die beginsel van billikheid;

(ii) die behoefte om werk te maak van die onregte van die verlede; en

(iii) die behoefte aan verteenwoordiging.

10. As die getal genomineerde kandidate gelyk is aan die getal lede wat verkies moet word, sal kandidate geag word as verkose lede van die beheerliggaam.

11. As die getal ouerkandidate wat genomineer word minder is as die getal lede wat verkies moet word, sal die skoolkiesbeampte versoek dat addisionele ouerkandiddate genomineer word.

1 MARCH 2021

**DATUM**

**HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE**

**ADRES:** DUNKELD ROAD,
CAMPS BAY
CAPE TOWN

100 JAAR
SEDERT 1921
WEES JOUSELF